Valley will be set aside for this purpose. The composition of the board of curators for the Open Air Museum is at present under discussion by the Association and the City Council.

The plans of the new provincial building will receive our serious consideration at the Annual General Meeting. The proposed building was unanimously disapproved of by your Committee since it was, inter alia, aesthetically, architecturally and historically unsuited to Church Square and its buildings.

Our *Pretoriana* is advancing steadily under the editorship of Dr. van Rooyen. Once again each member and each Pretorian are requested to send contributions to *Pretoriana*. The valued financial contributions from the City Council and the Standard Bank made the issues possible. The contribution from the Standard Bank is yet another proof that the commercial institutions of our city are prepared to support Pretoria's cultural organisations.

A special word of thanks must be given to our City Council for its yearly financial support. The Mayor, Dr. H. Muller, invited your Association to participate in the arrangements for the Centenary. The Committee has put forward a series of suggestions in connection with the Centenary. Your Chairman represents the Association on the General Centenary Committee.

My thanks to the Committee for their loyal co-operation and a special word of thanks to our Secretary, Dr. Spies and Treasurer, Mr. Gerard Rissik.

(sgnd.) W. Punt,
Chairman.

---

### DIE VERVAARDIGING, AANBRENGING EN VERWYDERING VAN

# DIE OORSPRONKLIKE REPUBLIKEINSE WAPEN EN LEUSE OP DIE VOORGEWEL VAN DIE GOEWERMENTSGEBOU

Ter aanvang moet ek melding maak van die feit dat daar baie min gegewens voorhande is oor feitlik elke aspek van die tot standkoming en verwydering van die Republikeinse Wapen en Leuse wat vir 'n kort aantal jare op die voorgewel van die Goewermentsgebou van die Suid-Afrikaanse Republiek in Pertoria gepryk het. Met die oog op die in ere- herstel van

die Wapen en Leuse van die Suid-Afrikaanse Republiek op die voorgewel van die Goewermentsgebou, het die Provinsiale Owerheid intussen opdrag gegee dat die Britse Wapen — wat aan die begin van hierdie eeu die Wapen van die Republiek vervang het — verwyder moet word. Daardeur is die openbare belangstelling in die tot standkoming en die verdere lotgevalle van die oorspronklike Wapen en Leuse van die Republiek opgewek en het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n beskrywing, aan die hand van beskikbare gegewens, van die lotgevalle van hierdie kunsskepping van Anton van Wouw. Hierdie artikel is 'n poging om te voorsien in die openbare behoefte wat ontstaan het, maar aangesien daar so min dokumentêre gegewens oor die hele aangeleentheid bestaan, sal sekere gevolgtrekkings uit die aard van die saak moet berus op afleidings en vermoedens.

Ofskoon daar in die „*Bestek en Voorwaarden wegens het maken van Gouvernements Gebouwen te Pretoria*" (Bestek No. 7 met vyf tekeninge in die Afd. Publieke Werke, Staatsargief) voorskrifte voorkom m.b.t. die vervaardiging van die sg. „*Vryheidsbeeld*" op die toring van die Staatsgebou —destyds is daar in amptelike kringe voorkeur gegee aan die benaming „*Staatsgebou*" bo die van „*Goewermentsgebou*" wat vandag algemeen in gebruik is —, en daar ook 'n tekening beskikbaar was waarvolgens die kontrakteur van die Staatsgebou die werk moes laat uitvoer, (vgl. Art. 20), was daar egter geen spesifieke verwysing in die Bestek na die vervaardiging van die Wapen en Leuse van die Suid-Afrikaanse Republiek op die voorgewel van die Staatsgebou nie.

Dit is egter opmerklik dat op Tekening No. 3 van die grondplanne van die Staatsgebou die Wapen en Leuse van die Republiek wel voorgekom het. Vermoedelik het die beeldhouer Anton van Wouw, wat verantwoordelik was vir die uitvoering van die werk, van die kontrakteur J. J. Kirkness, 'n leidraad ontvang waarvolgens hy te werk moes gaan, want as die voorstelling van die Wapen op tekening No. 3 vergelyk word met 'n foto van die voltooide produk, is dit duidelik dat daar 'n mate van ooreenkoms tussen die twee bestaan. Die verskille tussen die voorstelling op die tekening en die voltooide werk is egter so in die ooglopend dat dit meer waarskynlik is dat die voltooide werk grotendeels 'n produk was van die skeppende kunstenaarsverbeelding van Anton van Wouw. Hierdie opvatting word verder bevestig deur 'n verwysing in 'n destydse koerantberig. Daarin word hierdie bewering gemaak: „Het schild van het Rykswapen is . . . . geheel volgens eigen schepping gecomposeerd . . ." (De Volksstem, 9/2/1891) (Vir 'n foto van die Wapen op die voorgewel van die Goewermentsgebou vgl. Argiefjaarboek, 1950, Deel 1; daarin artikel van Dr. C. Beyers, Die Wapen van die Suid-Afrikaanse Republiek, Illustrasie No. VIII).

Anton van Wouw het weliswaar 'n groot aandeel gehad aan die werk soos dit uiteindelik daar uitgesien het — Van Wouw moes ook rekening hou met die feit dat die Wapen en alles wat daarmee saamgegaan het, so ontwerp en geboetseer moes word dat dit moes aanpas by die ruimte binne




*Foto P. J. Engelbrecht*

*DIE BRITSE WAPEN EN LEUSE VOOR DIE STAATSGEBOU WAT NOU VERWYDER IS*

die driehoekige voorgewel—maar alles dui daarop dat die ontwerp van die Wapen en die Leuse wat op die voorgewel sou kom, alreeds deur die argitek van die Staatsgebou, die Gouwernements Ingenieur en Architect, Mnr. Sytze Wierda, vasgestel was. Dat Mnr. Wierda 'n werksame aandeel gehad het in die vasstelling van die ontwerp van die Wapen wat as ornamentasie in die voorgewel geplaas sou word, en dat Anton van Wouw die argitek se ontwerp as leidraad gebruik het by die uitvoering van die werk, grond ek op die volgende feite: daar is naamlik alreeds op die feit gewys dat die ontwerp van die versiering op die voorgewel voorgekom het op tekening No. 3 van die grondplanne van die Staatsgebou. Hierdie grondplanne van die Staatsgebou waarop die tekening van die Wapen voorkom, was alreeds op die 28ste April 1888 voltooi. (Vgl. Tekening No. 3). Anton van Wouw het egter eers op die 1ste Januarie 1890, op 27-jarige leeftyd, in Pretoria aangekom. (Vgl. A. C. Bouman, Kuns in Suid-Afrika, bl. 108). Hieruit kan afgelei word dat Anton van Wouw die oorspronklike ontwerp van Wierda as basis gebruik het en verder daarop voortgebou en na sy insigte voltooi het. Ek veronderstel dat daar aan Anton van Wouw vryheid gelaat is om die Wapen volgens sy persoonlike kunstenaarsverbeelding te voltooi.

In die Afdeling Publieke Werke, sowel as in die Afdeling Staatssekretaris in die Staatsargief kon ek nie daarin slaag om enige verwysings na die vervaardiging van die toringbeeld en die Wapen op te spoor nie. Die afwesigheid van enige gegewens oor hierdie aangeleentheid kan bes moontlik verklaar word uit die omstandigheid dat die uitvoering van hierdie twee werke, onder andere, as onderdele van die hele gebou, toevertrou was aan die kontrakteur, Mnr. J. J. Kirkness, en dat hy die opdrag om die Wapen te boetseer aan Anton van Wouw gegee het. In teenstelling met die voltooiing van die res van die ornamentasie wat vir die gebou bestem was, is die toringbeeld nie in Suid-Afrika nie, maar in Europa vervaardig. Die feit dat Anton van Wouw in die eerste plek teenoor die kontrakteur verantwoordelik was vir die uitvoering van die opdrag om die Wapen te boetseer, verklaar, myns insiens, ook die afwesigheid van enige argiefstukke wat betrekking het op die vervaardiging van die Wapen, die toringbeeld en die res van die ornamentasie.

Dit is in hierdie verband dat ek nie saam met Dr. C. Beyers stem waar hy die bewering maak i.v.m. die „wapen wat ons nasionale beeldhouer A. van Wouw, in opdrag van die Republikeinse Regering . . . vervaardig het." (Vgl. sy aangehaalde werk, bl. 7). Nêrens kon ek so'n opdrag van regeringsweë opspoor nie en dit is daarom nie vir my duidelik op watter gronde Dr. Beyers hierdie bewering kon maak nie. Afgesien van die feit dat Anton van Wouw vermoedelik sy opdrag regstreeks van die kontrakteur, J. J. Kirkness, ontvang het, en Kirkness op sy beurt die leidraad van die argitek, Mnr. S. Wierda, gevolg het, glo ek verder ook dat die Republikeinse Regering geen aandeel gehad het in die voorstelle vir die ornamentasie van

die Staatsgebou nie; volgens my mening was dit voor die koms van Van Wouw reeds uitsluitlik die werk van die argitek, S. Wierda. Dit mag egter ook wees dat Klaas van Rysse, die assistent van die Gouvernements Ingenieur en Architect, vir Mnr. Wierda destyds aktief behulpsaam was in die ontwerping van die Wapen. **Daar bestaan geen dokumentêre gegewens, sover my kennis strek, wat die bewering van Dr. Beyers bevestig nie.**

Die enigste bron waaruit gegewens opgespoor kon word wat 'n lig kon werp op die aanvang en vordering van Anton van Wouw se boetsering van die Wapen, is die koerante van destyds. Die eerste beskrywing wat aangehaal word, het in *De Volksstem* van die 2de Februarie 1891, verskyn. Die artikel was getitel „*Het Nieuwe Gouvernmentsgebouw*" en het bestaan uit 'n beskrywing van die Staatsgebou wat toe in aanbou was en alreeds besig was om voltooiing te nader. Tydens sy besoek aan die gebou het die verslaggewer van die koerant onder andere ook 'n besoek gebring aan die keldergedeelte van die nuwe gebou en daarvan die volgende beskrywing gegee: „Ook het onderaardsch gedeelte van het Staatsgebouw wordt niet onbezocht gelaten. Tusschen de dikke muren, die den aanschouwer met ontzag vervullen voor den zwaren last die ze te torschen hebben, bevinden zich tal van vertrekken, welke waarschynlyk wel als bewaarplaatsen voor het archief der Republiek een bestemming zullen ontvangen.

Thans dienen ze als ateliers en werkplaatsen voor ambachtslieden en kunstenaars, die met de resultaten van hun arbeid de artistieke waarde van het Gouvernementsgebouw gaan verhoogen.

In een dezer vertrekken is de heer Van Wouw bezig met vaardige hand het Wapen der Republiek te boetseeren; dit Wapen wordt boven den hoofdingang aangebracht en belooft wegens zyne sierlyke en bevallige behandeling eene fraaie bydrage tot de ornamentatie van het Gouvernments-paleis te worden.

Voor zoover men zich nu reeds een indruk kan maken van hetgeen dit paleis zal opleven wanneer het heeltemal gereed zal wezen, kunnen wy melden dat het door zyne conceptie zoowel as door zyn uitvoering in de details, een monument zal worden, dat met trotsch door de natie kan genoemd worden naast welk monument ook in Zuid-Afrika."

'n Week daarna, op die 9de Februarie 1891, het daar in „*De Volksstem*" 'n tweede artikel oor die aangeleentheid verskyn, hierdie keer onder die opskrif: „*Het Wapen der Z.A.R.*" Dit het as gevolg gelui: „Reeds by eene vorige geleentheid stonden wy met eenige woorden stil by een arbeid, die ongetwyfeld bestemd is een voordurende en verdiende aandacht te trekken, by het wapen namelyk dat de heer A. van Wouw bezig is te boetseeren en dat eerlang den voorgevel van het Goevernementsgebouw zal versieren.

Het schild van het Rykswapen is ovaalvormig en geheel volgens eigen schepping gecomposeerd, en is verdeeld in 3 deelen, in wier midden een klein schild, waarin het anker. Het linksche bovenvlak van het wapen

stelt voor een zittende leeuw, die op het kleine schild met anker, zyn rechter poot doet rusten, het rechtsche bovenvlak stelt een boer voor in 's lands kleederdracht zooals de oude voortrekkers droegen en met een roer in de hand; en in het ondervlak staat de ossenwagen; links en rechts van het schild de vlaggen, die waarop de adelaar met zyne uitgestrekte vleugelen dit alles overdekt. Dan is aan beide zyden een lauriertak aangebracht, die de uiterste hoeken van de frontispice vullen, zoodat al deze verschillende details met elkaar één groot en krachtig geheel uitmaken, dat stellig het gebouw een sieraad zal wezen.

De heer Van Wouw heeft met het eerste stuk arbeid, dat hy verrichtte, reeds de aandacht van kunstkenners weten te trekken. Wy hopen dat onze bouwmeesters en niet het minst het groote publiek zyne gaven zullen waardeeren en dat nog meenig werk van zyn hand onze woningen zal verfraaien."

Die enigste ander koerantartikel wat ek kon opspoor waarin 'n verwysing voorkom na die vordering wat Anton van Wouw met die boetsering van die Wapen gemaak het, kom voor in *"The Press"* van die 20ste Maart 1891, onder die opskrif: *"Pretoria Art"*: "There is now on view in the Executive Council Chamber a very fine bust of His Honour the President, the work of Mr. A. van Wouw of Pretoria. The bust was first modelled in clay from a photograph of life sittings, and a cast taken from it in plaster of Paris.

Mr. van Wouw, who is a young and promising artist, is now engaged upon the frieze which will contain the coat of arms of the Republic, and which is to be placed on the front portion of the new government buildings".

Terloops kan hier vermeld word dat Anton van Wouw destyds in Kerkstraat, naby Schuster se Brouery, woonagtig was. Op een stadium het hy 'n uitstalling van sy werke by sy verblyfplek gereël.

Dit kan nie met sekerheid gesê word wanneer presies die Wapen en die Leuse deur Van Wouw voltooi is nie, vermoedelik in die loop van 1891. Vir die volgende tien jaar het Van Wouw se kunswerk die voorgewel van die Staatsgebou versier, maar met die verdwyning van die Republikeinse gesag en die vervanging daarvan deur die gesag van die Britse oorwinnaar, was die lot van die Wapen en die Leuse van die oorwonne regering en volk op die eertydse Staatsgebou, ook daarmee verseël. Binne 'n jaar nadat Pretoria deur die Britse militêre magte beset is, was daar voorstelle dat die uiterlike simbole van die vorige bewind uit die openbare oog verwyder moes word. Met die verlede moes daar op verskillende terreine radikaal gebreek word. Op Woensdag, die 12de Junie 1901 het 'n vergadering plaasgevind van die *"Executive Council"* in die kantoor van die Sekretaris van die Britse Administrasie.

Teenwoordig op die vergadering was die volgende here: G. V. Fiddes, Sekretaris van die Administrasie; R. Solomon, Regsadviseur; P. Duncan,




Foto R. O. Basson

DIE STAATSGEBOU, ± 1904. LET OP DIE PERDE VOOR DIE GEBOU

Kontroleur van die Skatkis; W. Wybergh, Kommissaris van Myne en J. R. N. Stopford, Waarnemende Klerk van die Uitvoerende Raad.

Vermoedelik op voorstel van 'n sekere "Mr. Watermeyer" wat destyds in beheer was van die Departement van Publieke Werke, het die Uitvoerende Raad, die volgende besluit geneem: "The Council approved of the proposal of the Public Works Department to remove from over the Government Buildings in Pretoria the Republican Arms and to replace them by the Royal Arms which can be done for £70. The Motto is also to be removed". Op die 20ste Junie 1901 is die besluit van die Uitvoerende Raad deur die handtekening van G. V. Fiddes, bevestig. (Vgl. Executive Council of the Transvaal. Minutes from 4th April 1901 to 25th September 1901. Staatsargief: T.18; E.C. Minutes; A, p. 41: Art. No. 185: Royal Arms on Govt. Buildings". I.v.m. Watermeyer as destydse Hoof van P.W.D. vgl. aangehaalde bron: A. pp. 3—4: Departments in Pretoria: p. 4, Item (9) "Public Works Department —— Run by Mr. Watermeyer; until further arrangements can be made he should be left in charge. The Treasury must be consulted for expenditure on repairs etc. to the Government Buildings".).

Ek beskik nie oor enige gegewens i.v.m. die presiese datum waarop die Republikeinse Wapen en Leuse verwyder is nie, maar vermoedelik het dit plaasgevind kort nadat die magtiging aan die Publieke Werke Departement op die 12de Junie 1901 verleen is.

Daar het tot onlangs geen sekerheid bestaan wat die verdere lotgevalle van die Republikeinse Wapen en Leuse was nadat dit destyds verwyder is nie en daar was ook blykbaar geen gegewens beskikbaar i.v.m. besonderhede oor die aanbrenging van die Britse Wapen nadat die Republikeinse Wapen en Leuse verwyder is nie. Die enigste dele van die Republikeinse Wapen wat bewaargebly het was die kop van die arend en een van die letters *„M"* van die Leuse *„Eendragt Maakt Magt"*. Vir geruime tyd was hierdie bewaargeblewe gedeeltes in die veilige bewaring van die Transvaalse Museum.

Onlangs het dit aan die lig gekom dat die klip waaruit die ou Republikeinse Wapen geboetseer is, nie verwyder is om plek te maak vir die Britse Wapen nie, maar dat die Republikeinse Wapen uitgekrap en dieselfde klip weer gebruik is vir die boetsering van die Britse Wapen.

In 'n mededeling aan die *"Pretoria News"* (5/10/1954) het Dr. Nicol, die Administrateur van Transvaal, gesê "that it had now been established that the British Coat-of-Arms was modelled out of the South African stone which was used for the Republican Coat-of-Arms. The Republican Coat-of-Arms was not removed totally, but erased". Nou bestaan daar in elk geval sekerheid wat van die vernaamste gedeelte van die oorspronklike Republikeinse Wapen geword het, en alhoewel die Britse Wapen die Republikeinse Wapen vervang het, sal die klip tog bewaar bly.

— H. M. REX.